


## Sojaboon en sonneblom oorsig verslag

Luan van der Walt, Ekonomiese, Graan SA

### Internasionale sojaboonmark


In die internasionale mark het die sojaboon produksie sowel as verbruik meer as verdubbel sedert die 2000/01 seisoen tot en met die huidige seisoen. Die produksie het egter teen 'n vinniger tempo toegeneem as die verbruik en dus het die sojaboon voorraadvlakke in die wêreld begin akkumuleer en grafiek 1 toon aan dat die verwagte wêreld eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen ongeveer 108 miljoen ton behoort te wees. Die eindvoorraad as persentasie van die wêreld verbruik het ook toegeneem sedert die 2011/12 seisoen en word vir die huidige seisoen op ongeveer 31% geskat. Die handelsoorlog tussen die VSA en Sjina het 'n groot impak op veral die Amerikaanse sojaboon voorraad aangesien Sjina aansienlik minder sojabone vanaf die VSA invoer. Dit het veroorsaak dat Sjina se invoere meer na die Suid Amerikaanse lande toe verskuif het en meer invoere het vanaf Brasilië en Argentinië plaasgevind hierdie seisoen.



Grafiek 1: Wêreld produksie, verbruik, eindvoorraad en eindvoorraad as persentasie van die verbruik

Bron: USDA


Grafiek 2 toon die produksie van die 3 grootste sojaboon produserende lande naamlik die VSA, Brasilië en Argentinië. Die verwagting vir die 2018/19 seisoen is dat beide die VSA en Brasilië nuwe rekord hoeveelhede sojabone sal produseer wat bydra tot die toename in die groot wêreld voorraadvlakke. Amerika se produksietoestande is tans goed en die stroop proses wat reeds daar begin het is goed aan die gang. Dit beteken dus dat die Amerikaanse rekord produksie vir die seisoen redelik bevestig is. Brasilië is tans besig om te plant en dus sal weerstoestande daar 'n groot rol speel in die produksieverwagtinge vir die seisoen. Die aanplantings in Brasilië vorder tans goed en vind aansienlik vinniger as die normale tempo plaas. Dit sal ook veroorsaak dat die stroop proses hierdie seisoen vroeër sal begin in Brasilië. Daar is in sommige gedeeltes van Brasilië tans plekke waar daar droër toestande heers, maar op hierdie stadium lyk dit nie of dit noemenswaardig negatief vir die aanplantings of produksie sal wees nie. Indien die produksietoestande in Argentinië hierdie seisoen ook normaal sal wees is die verwagting dat Argentinië ook hierdie seisoen redelik naby aan van hul grootste produksies nog sal eindig. Grafiek 2 toon ook aan dat die 3 grootste produserende lande gemiddeld ongeveer 82% van die wêreld se totale sojabone produseer. Die produksietoestande in hierdie lande is dus baie kritiek en enige groot probleme in enige van hierdie lande kan lei tot laer internasionale produksie. Tans lyk dit of al drie hierdie lande goeie produksie sal hê die komende seisoen.



Grafiek 2: Produksie van 3 grootste sojaboon produserende lande en die persentasie van die totaal

Bron: USDA

Grafiek 3 toon die Amerikaanse, Brasiliaanse en Argentynse sojaboonpryse. Dit is duidelik dat sedert middel Junie met die instelling van die 25% invoertarif op Amerikaanse sojabone, deur Sjina, die Amerikaanse pryse skerp onder druk gekom het en die prysverskil tussen hierdie lande al hoe groter begin raak het. Die prysverskil tussen Amerikaanse sojabone en die Brasiliaanse sojabone het vroeg in September vir die eerste keer van so aard geraak dat die Amerikaanse sojabone goedkoper is as die Brasiliaanse sojabone ten spyte van die 25% invoertarif op die Amerikaanse sojabone. Die Argentynse sojabone is egter steeds goedkoper as die Amerikaanse sojabone gegewe die 25% invoertarif na Sjina. Daar is tans nog nie 'n aanduiding dat Sjina wel weer Amerikaanse sojabone gaan aankoop hierdie seisoen nie. Die verwagting is egter wel dat Sjina in die volgende paar maande aansienlik meer sojabone vanaf Argentinië af sal aankoop terwyl Argentinië Amerikaanse sojabone invoer om hul plaaslike tekorte aan te vul.



Grafiek 3: VSA, Argentynse en Brasiliaanse sojaboonpryse sedert Augustus 2016

Bron: IGR

## Internasionale opsomming


In die internasionale konteks is die sojaboon produksie besig om teen 'n vinniger tempo te groei as die verbruik en dus is daar in die internasionale konteks ook redelike groei in die eindvoorraad. Hierdie seisoen is baie uniek veral in terme van die handelsoorlog tussen die VSA en Sjina wat veroorsaak het dat Sjina minder sojabone vanaf die VSA aankoop. Dit het egter 'n groter impak op die internasionale

voorraadvlakke gehad as wat aanvanklik verwag was. Die handelsoorlog tussen hierdie twee lande sal steeds dopgehou word aangesien die groot vraag is of Sjina weer Amerikaanse sojabone gaan begin koop. Daar is in die ander oorsprong vanwaar Sjina tans sojabone invoer nie genoeg om aan die totale Sjinese vraag te voldoen nie en dus sal Sjina genoodsaak word om weer van die VSA af in te voer indien daar nie genoeg alternatiewe produkte is waarmee Sjina die ingevoerde sojabone kan vervang nie. Dit tesame met die produksieomstandighede in die Suid Amerikaanse lande sal in die volgende paar maande 'n belangrike rol in die internasionale sojaboonmark speel en die rigting van die pryse tot 'n groot mate bepaal. In die internasionale produksie perspektief lyk dit tans goed met die VSA wat besig is om 'n nuwe rekord oes te stroop hierdie seisoen. Die verwagting is ook dat die Brasilië 'n rekord oes sal hê hierdie seisoen en dat Argentinië se oes ook in die top 3 oeste sal wees sedert die 2000/01 seisoen.

## Plaaslike sojaboonmark

Die sojaboon produksie het die afgelope twee jaar skerp toegeneem en die 2017/18 en 2018/19 seisoene was gekenmerk deur die 2 agtereenvolgende rekord produksies van 1.316 miljoen ton en 1.558 miljoen ton onderskeidelik. Hierdie skerp toename in die plaaslike produksie het die toename in die plaaslike verbruik ver oorskry wat gelei het tot die akkumulering van sojaboonvoorraad in Suid Afrika. Dit kan duidelik in grafiek 4 gesien word dat die sojaboon eindvoorraad ook tot nuwe rekord vlakke toegeneem het die afgelope twee seisoene. Die verwagting vir die 2018/19 seisoen is dat die sojaboon eindvoorraad ongeveer 650 000 ton behoort te wees wat beteken dat die ongeveer 55% van die plaaslike verbruik verteenwoordig. Dit is ongeveer 4.2 keer meer as die voorraadvlakke waarmee die mark gemaklik is in terme van beskikbare voorraad aan die einde van die bemarkingseisoen. Die groot oordragvoorraad tesame met die nuwe seisoen se produksie sal lei tot nog groter voorrade wat die vraag en aanbod balans meer uit proporsie sal druk na die aanbod kant toe. In die plaaslike sojaboonmark sal daar egter een van 2 belangrike goed moet gebeur vir die balans tussen vraag en aanbod om weer te herstel.

- Die plaaslike verwerking sal drasties moet uitbrei (Daar is genoeg markspasie daarvoor)
- Die surplus sojabone sal uitgevoer moet word (Markprys sal moet daal na uitvoerpariteit)




**Grafiek 4: Plaaslike sojaboon verbruik, eindvoorraad en eindvoorraad as persentasie van die plaaslike verbruik**

**Bron: Graan SA, SAGIS en NLBR**

\*Projeksie

Alhoewel die verbruik van sojabone vir veevoer doeleindes (volvet soja) besig is om toe te neem word die meeste van die plaaslike sojabone steeds gepers vir die produksie van olie en oliekoek. Dit speel 'n kardinale rol in die plaaslike sojaboonmark aangesien dit een aspek is wat veronderstel is om aansienlik meer sojabone per seisoen op te neem en te verwerk as wat dit tans doen. Een van die enkele grootste probleme waarmee die plaaslike sojaboonmark steeds sit is die ingevoerde sojaboon oliekoek. Daar word steeds sojaboon oliekoek ingevoer ten spyte van die goeie produksies en groot sojaboonvoorrade wat plaaslik beskikbaar is. Grafiek 5 toon die jaarlikse sojaboon oliekoek invoere, plaaslike oliekoek produksie, plaaslike vraag na oliekoek asook die hoeveelheid sojabone wat ons plaaslike kan pers om aan die plaaslike vraag te voldoen teenoor die hoeveelheid wat werklik in SA gepers word. Dit is duidelik uit grafiek 5 dat indien al die ingevoerde oliekoek hierdie seisoen (2018/19) vervang sou word met plaaslik geproduseerde oliekoek sou daar ten minste reeds 770 000 ton se rou sojabone gepers moes word. Dit is ongeveer 313 000 ton meer sojabone as wat werklik hierdie seisoen tot en met einde Augustus gepers was vir olie en oliekoek.




Grafiek 5: Sojaboonoliekoek invoere, plaaslike produksie, totale verbruik, vraag na sojabone en plaaslike hoeveelheid sojabone gepers

Bron: Graan SA, SAGIS, SAID

\*Jaar tot datum

## Plaaslike sojaboonpryse

Grafiek 6 toon die plaaslike prys van sojabone teenoor die afgeleide prys en die uitvoerpariteit vanaf die verskillende oorspronge. Dit is duidelik uit grafiek 6 dat die plaaslike sojaboonpryse steeds hoër is as die Amerikaanse uitvoerpariteitsprys terwyl dit aansienlik laer is as die Brasiliaanse en Argentynse uitvoerpariteite. Sjina voer tans meeste van die Suid Amerikaanse sojabone in en nie veel vanaf die VSA nie. Ander internasionale bestemmings soos onder andere Meksiko, Taiwan en Indonesië voer meer sojabone vanaf die VSA af in aangesien dit nou aansienlik goedkoper is as die ander bestemmings. Suid Afrika is egter steeds nie prys kompetend vir uitvoere na hierdie bestemmings toe nie.




Grafiek 6: SAFEX sojaboon prys, afgeleide prys en uitvoerpariteitspryse van verskillende oorspronge

Bron: Graan SA

## Plaaslike sonneblomsaad mark

Die plaaslike sonneblomsaad se verbruik het die afgelope twee seisoene goeie groei getoon en het nuwe rekord vlakke bereik wat positief is vir die plaaslike sonneblomsaad mark. Die plaaslike verbruik van sonneblom, veral die pers daarvan vir olie en oliekoek, het vir die eerste keer gedurende die 2017/18 seisoen die 850 000 ton vlak oorskry en die verwagting is dat dit die 2018/19 seisoen weereens hierdie vlakke sal oorskry. Grafiek 7 toon duidelik dat die sonneblomsaad eindvoorraad in 'n afwaartse tendens was die afgelope twee jaar en die verwagting is dat die eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen ongeveer 12% van die plaaslike verbruik sal wees. Dit is redelik in lyn met die minimum hoeveelheid wat aan die einde van die bemarkingseisoen beskikbaar moet wees waarmee die mark redelik gemaklik sal wees. Indien die eindvoorraad as persentasie van die plaaslike verbruik onder 12% daal behoort die mark baie meer sensitief te wees vir enige faktore wat moontlik die produksie vir die komende seisoen kan beïnvloed.



**Grafiek 7: Plaaslike sonneblomsaad verbruik, eindvoorraad en eindvoorraad as persentasie van plaaslike verbruik**


Bron: SAGIS

\*Projeksie

## Plaaslike sonneblompryse

Grafiek 8 toon die plaaslike sonneblompryse teenoor die pariteitspryse asook die afgeleide sonneblompryse. Dit is duidelik dat die plaaslike prys vir 'n lang tydperk redelik naby aan die uitvoerpariteitsprys verhandel het, maar wel begin wegbeweeg het vanaf die uitvoerpariteitspryse. Die internasionale sonneblompryse asook die sonneblomolie pryse het die laaste tyd onder druk gekom met die stroop proses in die Swartsee streek wat goed vorder. Die sonneblom stroop proses vorder veral goed in die Oekraïne en die opbrengs wat tot dusver gerapporteer is, is ongeveer 17% hoër as die vorige seisoen se opbrengs. Die verwagting is dat die sonneblom produkte uitset (Olie en oliekoek) in die Oekraïne ongeveer 11% hoër sal wees hierdie seisoen as die vorige seisoen.





Grafiek 8: SAFEX sonneblomprijs, afgeleide prys en uitvoerpariteitsprys van verskillende oorspronge

Bron: Graan SA

## Plaaslike mark opsomming

In die plaaslike mark is dit duidelik dat daar groot sojaboon voorrade beskikbaar is na die afgelope twee seisoene se rekord produksies. Die groot toename in die produksie het die kort termyn toename in die vraag oorskry wat gelei het tot die akkumulering van die plaaslike voorraad. Daar gaan weer hierdie seisoen groot oordragvoorraad van sojabone wees en die verwagting is dat die nuwe seisoen se aanplantings van sojabone nie noodwendig drasties minder behoort te wees nie. Dit sal weer bydra tot groot nuwe seisoen voorraad tesame met die ou seisoen se oordragvoorraad wat die plaaslike pryse redelik onder druk behoort te hou. Die groter plaaslike produksie en groter plaaslike voorraad sal veroorsaak dat daar meer volhoubaarheid in die plaaslike verwerking sal kom wat hopelik sal aanleiding gee tot selfs groter vervanging van ingevoerde oliekoek met plaaslik geproduseerde oliekoek.

Die verbruik van sonneblomsaad in Suid Afrika het die afgelope twee seisoene goeie groei getoon en groot hoeveelhede sonneblomsaad is verwerk. Dit is gunstig vir die plaaslike mark aangesien dit bygedra het tot die opneem van die groot hoeveelhede sonneblomsaad wat beskikbaar was sedert die 2016/17 seisoen. Die plaaslike sonneblomsaad se voorraad is laer as die meeste ander gewasse en

teen die huidige tempo waarteen die sonneblomsaad verwerk word kan dit 'n ondersteunende faktor in die mark wees veral vir vroeg in die volgende bemarkingseisoen wanneer die plaaslike ou seisoen voorraad redelik uitgedun behoort te wees en voor die nuwe seisoen voorraad in die mark kom.

**Graan SA**

**01 Oktober 2018**